# 22 Desember 2021 - Lesing 18 - Die verskuilde "donkie/esel" simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

**Die Slag van Bergendal tydens die Tweede Vryheidsoorlog, Augustus 1900:**

Op 11 November 2008 het JaHshua aan Johannes Snyder opdrag gegee om saam met nog 11 persone na die Tweede Vryheidsoorlog-gedenkteken, Bergendal, te besoek ter bevryding van die gekluisterde gestorwe siele tydens die oorlog: Ons het reeds voor 09h00 vertrek na die gedenkterrein, ongeveer 4 km buite Belfast. Daar aangekom, was dit taamlik bewolk en koel en almal het eers die monument van alle kante besigtig. JaHshua het aan Nalize opgedra dat Jesaja 32 en Mattheüs 28 voorgelees moet word.

Jaco het opgemerk dat die monument 'n embleem vorm van 'n kruis, soos dié waaraan JaHshua gesterf het, die hoeke van die monument met mekaar verbind. Aan die onderkant van die lang been van die kruis is die sarkofaag met die gedenknaald daarbo. Daar is 'n wit marmerkis op die linkerarm van die kruis -formasie gebou. Dit het geen byskrifte by nie en lyk soos 'n doodskis met 13 vlakke in die marmer met ses kante en ses vlakke op die deksel en 'n boonste plat vlak. JaHshua het aan Pieter verduidelik dat dit Sy reine Liefde vergestalt in die vorm van 'n Verbondsark. Aangesien die kis in die posisie van JaHshua se linkerhand gebou is, wat naaste aan Sy hart is, verteenwoordig dit Liefdesdade en wel in hierdie monument JaHshua se Liefde vir Sy volk. JaHshua het ook aan Gerrie uitgelê dat die kis in die vorm van 'n diamant is, wat die wedergeboorte voorstel. Ons het dus die Liefde vir die volk kom aanbied deur vryspreking en verlossing.

Daar het 'n tafel van swart graniet in die middel van die kruis op die monument gestaan, waarvan slegs die staander en 'n derde brokstuk van die oorspronklike blad nog teenwoordig is. Die ander twee derdes van die blad is deur swartes tydens 'n vandalistiese gebeurtenis gebreek en verwyder. Tydens dieselfde gebeurtenis het hulle ook die sarkofaag probeer oopbreek. JaHshua het aan Gerrie bekend gemaak dat die gebreekte tafel die twee derdes van JaHshua se volk in Suid-Afrika voorstel, wat uitgewis gaan word tydens die komende stryd in die land en dat slegs 'n derde behoue sal bly om in die nuwe orde voort te gaan. Dit is treffend dat alle strukture op die monument in goddelike getalle saamgestel is. Al die trappe, soos in 'n amfiteater wys in groepe van drieë na die tafel as middelpunt en as gevolg van die kruis, word hulle in vier groepe ingedeel.

Al twaalf persone het rondom die sarkofaag vergader. Aan al vier kante moes daar drie persone staan, waarna Johannes met gebed geopen het. Almal moes hulle hoede op die 12 swart granietstene van die sarkofaag plaas, en onopsetlik was almal met voorkante na buite neergesit. Hierna moes die dele uit Johannes Snyder se Boek van Herinnering voorgelees word, wat in opdrag saamgeneem is. Dit was treffend om te sien hoe die beskrewe vervalle toestand van die volk volgens **Jesaja 32**, op die monument vergestalt was deur kuithoogte bossies, dorings en distels en totaal verwaarloosde terrein.

Johannes moes daarna kniel met sy hand op die gegraveerde graniet en bid vir bevryding van die gestorwenes. Die ander moes hulle hoede teen hulle harte vashou met die regterhand en die linkerhand agter hul rûe plaas. Johannes het ervaar hoe die siele tydens die gebed, die een na die ander soos 'n sagte bries teen sy hand verbyskuur van onder na bo. Dit was opmerklik hoe die vingermerke van Johannes, selfs na deurdringende reën, net so helder op die sarkofaag sigbaar gebly het. In die gees het Pieter duisende Boere gesien wat uit hulle grafte opgestaan het. Al hierdie Boere het tydens die Boere-oorloë gesneuwel. JaHshua het ook vir Pieter in die gees gewys waar Hy, JaHshua, en 'n menigte engele om ons staan. JaHshua het aan Pieter gesê dat Hy en die sewe aartsengele wat ook teenwoordig was, die hoogste geestesryk verteenwoordig, die menigte engele die hemele verteenwoordig, die Boere die laer geestesryk verteenwoordig en ons aanwesige twaalf die aardse verteenwoordig. Die vier groepe verwys ook na die vier punte van die kruis van JaHshua, waar Hy en Sy sewe aartsengele die boonste punt is, die engelskare wat aan Sy regterhand sit, die regterpunt is, die linkerkant ons is wat lewe in Sy Liefde en die Boere die onderste punt is wat bevry moet word van die doderyk wat die kluistering is.

Johannes het opgestaan en elkeen moes weer sy hoed op die sarkofaag plaas. Elkeen het gebid vir die volk, beginnende by Dirk en afgesluit deur Johannes. Dirk moes die vier hoeke van die mens en Suid-Afrika in sy gebed salf, soos deur die Gees aan Hom opgedra. Druppels reën het sag begin val tydens die gebede en Nalize het dit in die Gees gesien as druppels bloed wat val, ter bevestiging van die Verlossingsverbond wat reeds gesluit is op 29 Oktober 2008. Jeanie het in die Gees gesien hoe JaHshua ons en die monument in Sy hand hou en seën tydens die gebed.

Hierna moes Kobie 'n bossie wit en geel blomme op die sarkofaag plaas. Hierdie blomme simboliseer die volgende: "Die geel blomme stel die lydsaamheid voor van die gestorwe siele, wat nou genoeg gely het en die wit blomme simboliseer dat hulle nou rein en skoon is en teruggaan na Vader toe". Volgens die oprigters van die monument, stel die vier hoeke, waar die vier gedenkplate voorkom, die vier ou provinsies voor. Deur die vrylating van gevange siele te Bergendal monument, is alle gestorwe Boere krygers in al vier provinsies ook bevry. Hierna het almal weer na die Herberg vertrek.





**Die Gelofte, soos gedikteer aan Francois,**

**op 28 Oktober 2008 vir 29 Oktober 2008:**

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussen-persone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle Gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My Gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

**My verbond met julle is die volgende:**

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde.

Dit is My verbond: Verlossing.

**Julle Gelofte is as volg:**

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié Gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.


2008/11/11 09:45


BERG-EN-DAL GEDENKTEKEN
ONTHUL DEUR
SY EDELE ADVOKAAT B.J. VORSTER L.V.
EERSTE MINISTER
OP 29 AUGUSTUS 1970
VAN CHRISSIEMEER ERMELO
ANDERSON D. "
BIGGARD J.D. "
KRUGER C.D. "
PIENAAR - "
RIEKERT J. "
SMIT P.F. "
SPRUYT A. "
SPRUYT D. "
SWART J.P. "
VAN MAGDALENAMEER
SYMINGTON F.G. "
VAN BANAGHERMEER
MEYER J.J.P.C. "
SPILLSBURY W.H. "
VAN NIEKERK C.H. "
VAN ERMELO KERKHOF
ERASMUS W.P. "
DU BUISSON T.P. "
KLEYNHANS J.H. "
LIEBENBERG R.J. "
LIEBENBERG W. "
V.D. HEYDE H.A.P.D. "
VAN HENDRINA KERKHOF HENDRINA
SCHEMPERS C. "
VAN KAFFERSTAD
JOUBERT C.J.J. "
VAN UITGEZOCHT
DAVEL J.H. "
DE LANGE G.J. "
MOUTON A.J.J. "
VAN ROOYEN P.H.C. "
VERSTAPPEN -
VAN BOSMANSKOP
DE WAAL J.A. "
VAN BOSMANSPOORT HENDRINA
BOTHA J.M. "
TAUTE F.M. "
VAN SPRINGBOKLAAGTE MIDDELBURG
BOTHA C.M. "
VAN NOOITGEDACHT 493
BOTHA G.J. "
VAN DOORNKLOOF
EKSTEEN G.M. "
VAN WELTEVREDE
ERASMUS Ph.L. "
VAN KLIPRIVIER
JANSE V. VUUREN N.F.R. "
VAN VARKENSKRAAL GROBLERSDAL
GOOSEN P. "
LOTTER W. "
OTTENS J. "
LUIT. SMIT D. "
VENTER H. "
VAN RIETFONTEIN 446 GROBLERSDAL
ALBERTS - "
VAN KLIPEILAND
PELSER A.H. "
COETZEE G.J. "
(1880 EERSTE VRYHEIDSOORLOG)
VAN WELTEVREDEN NELSPRUIT
V. NIEKERK D.T. "
V. NIEKERK W.H. "
VAN OUHOUTBOSSIE LYDENBURG
V. VUUREN H.J.J. "
ONGEIDENTIFISEERDE GRAFTE
SMIT J. NELSBERG CAROLINA
SWART W.A. KRUGERSPOS LYDENBURG
JOUBERT J.W.J. ROOIKOP MIDDELBURG TVL
ROOS J. WATERVAL NELSPRUIT
SWART - WATERVAL NELSPRUIT
BOTHA Ph. WINDHOEK BELFAST
KEYSER J. HARTBEESTSPRUIT BELFAST
Mc CULLUM C.J. CAROLINA
11/11/2008


2008/11/11 09:36


11/11/2008


HULDE AAN LEDE VAN DIE
Z. A. R. P.
GESNEUWEL TE BERG-EN-DAL 27 AUGUSTUS 1900.
11/11/2008